Oordenking
11 Augustus 2009

Luister na jou ouers en na God.

'n Paar mossies het kom broodkrummels eet nadat ons Sondagmiddag gebraai het. Hulle is so bitter klein in vergelyking met ander voëls war ook kom "oes" het – Kaapse wewers, laksmanne en ander.
Ek kon nie help om te onthou dat Jesus gesê het dat mossies omtrent geen monitêre waarde het nie. Nie eers die armste mens sal 'n maaltyd uit een, of selfs twee van hulle kan maak nie.
Toe het die Here my herinner dat sy Hemelse Vader ook vir die kleinste mossies sorg. Dit laat mens klein voel as jy besef dat die Here jou as instrument gebruik het om hierdie paar mossies, waarna Hy ook kyk, kos te gee. Ons het nie juis die afgelope tyd veel van God se werk gedoen nie. Nie 'n honger mens kos gegee of die Evangelie van Christus gepreek nie.
Maar ons het die werk van God gedoen toe ons, namens Hom, 'n mossie kos gegee het.
Dit laat mens klein voel.
Dis nooit vir ons om te besluit hoe groot of hoe klein die taak is wat ons vandag vir Jesus moet verrig nie. Die blote feit dat Hy my roep om iets vir Hom te doen, is 'n reuse voorreg. Dit beteken dat Hy aan ons dink. Dat ons nog vir Hom werk.
Dit was 'n wow oomblik, want die les van die Here het geëindig toe Hy my herinner het aan die res van wat ons by die mossies moet leer:
As God vir elke klein mossie sorg,
hoeveel te meer sal hy nie vir jou sorg nie, kleingelowige!

Al voel dit nie vir ouers so nie, het hulle 'n groot invloed of wie hulle kinders is. Ons sê mos graag – die appel val nie vêr van die boom af nie. Moenie toelaat dat jou kinders se swak punte jou teveel irriteer nie, want hulle het dit waarskynlik by jou gekry.

Maar ouers sal ook dadelik erken dat elke kind anders en uniek is. Ook in die Christen familie is elke kind anders. In die tipiese Christen gesin ontvang al die kinders min of meer dieselfde opvoeding. Hulle word op dieselfde manier gedissiplineer, gaan almal Sondagskool toe en sit vir 18 jaar of langer in by huisgodsdiens. En tog word sommige groot om steunpilare in die kerk te wees, terwyl ander glad nie in die werk van die Here belangstel nie. Waarom volg party van ons seuns en dogters vir Jesus en het Hom lief, terwyl dit nie waar van ander is nie?

Ons almal weet dat dit God is wat mense uit genade, deur geloof, red. Maar ons dink vandag hieroor vanuit 'n menslike perspektief.

Hoëpriester Eli se eie seuns, Hofni en Pinehas en Samuel, Hanna se seun wat die hoëpriester grootgemaak het, het dieselfde opvoeding ontvang. Nogtans vertel die Bybel dat Hofni en Pinehas geen agting, geen respek vir die offers aan die Here gehad het nie (1 Sam 2:17). As die Bybel oor die twee praat is daar niks goeds om te sê nie. Ons word vertel hulle was slegte mense (2:12), dat hulle teen die Here gesondig het (2:25), dat hulle nie met die Here rekening gehou het nie (3:13) en dat dit God se wil was om hulle dood te maak (2:25).

Die Bybel leer ons dikwels iets deur middel van kontras. Samuel word as kontras vir ons voorgehou. Ons word in hierdie hoofstuk vier keer vertel dat Samuel "die Here gedien het". (2:11,18,35; 3:1). Ons word vertel dat hy in die tabernakel langs die verbondsark geslaap het en die klere van 'n tempeldienaar gedra het (3:3f en 2:18), met ander woorde van kleins af vir die Here gewerk het. Ons hoor dat Samuel in die teenwoordigheid van die Here grootgeword het, (vs 21). En dan lees ons in 1 Sam 2:26: *Maar die seun Samuel het grootgeword en die Here en die mense was hom goedgesind.* Die Here en die mense het van hom gehou!
Hierdie woorde is baie jare later ook gebruik om die kinderdae van Jesus te beskryf.
Waarom volg party kinders die weë van die Here en ander nie. Waarom lyk party se kinderjare alreeds soos Jesus s'n en ander nie?

Hofni en Pinehas het nie die Here gevrees nie. Die Bybel sê hulle het nie met God rekening gehou nie. (2:12). Hulle het nie die Here geken nie. Samuel, aan die ander kant, het die Here en sy stem van jongs af geken en vreugde daarin gevind om die Here gehoorsaam te dien.

Ons moet onthou dat daar 'n groot verskil bestaan tussen om van iemand te weet en om iemand te ken. Alle Suid-Afrikaners weet van Madiba, maar net 'n paar kan sê dat hulle Nelson Mandela as 'n persoonlike vriend

ken. Hofni en Pinehas het baie van die Here geweet, maar die Here was Samuel se lewenslange vriend. Dit maak die verskil.

Samuel het na Eli en na God geluister. Hofni en Pinehas het net na hulle eie sondige harte geluister. Samuel was gered maar die ander twee het gesterf sonder dat hulle met God versoen is. Dit was die verskil. Nie soseer wat hulle geleer het nie, maar die gewilligheid om te luister en te gehoorsaam. En om God as persoonlike vriend te ken. Dit het die verskil gemaak.

Is God ’n vriend vir jou kinders? Het hulle Jesus lief? Groei hulle so op dat God en die mense van hulle hou? Dit maak die verskil.

Volg jy vir Jesus? Aanbid jy opreg, met vreugde en gehoorsaamheid en ware gebed? Is jou grootste vreugde om in staat te wees om die werk van die Here te mag doen.
Luister jy na die stem van God? Ken jy Hom as ’n persoonlike vriend.

Mag die stem van God jou beide vertroos en opgewonde maak.